

9 Augustus

Lof in altyd wyer kringe

Skrifgedeelte: Psalm 103

Hier roep 'n nietige mens alles en almal op om die Here te loof. Dit begin by homself en dit word dan lof "in altyd wyer kringe". Hy loof die Here oor al die weldade wat Hy aan hom bewys. Heel eerste noem hy: "Dit is Hy wat my sonde vergewe ..." (vs 3). Dáár begin die lof. Dít is die fontein waaruit die lof opkom. Sonder sondevergewing sou daar van ander weldade en lof eintlik nie sprake wees nie.

Ons sonde word uit genade vergewe. Maar wat van ons broos, kortstondige lewe? Die mens se lewensduur is tog soos gras, soos 'n veldblom wat oopgaan en verwelk. Dit is so broos en so gou verby. "Maar," sê die digter daarteenoor, "onverganklik is die liefde van die Here" (vs 17). Ons kwesbare, kort lewetjies word hier gestel in die ruimte van die Here se onverganklike liefde. Dit gee uitsig, dit gee ewigheidsperspektief!

Laat ons daarom die lof van die Here besing. Dit moet by ons wat die genade en liefde van die Here ken begin, maar dit moet wyer gaan: Selfs die "magtige engele" word opgeroep om die Here te loof. Dan kom die oproep ook aan "alle hemelwesens" tot in die wydste kring: "Almal wat deur Hom geskep is, loof die Here op al die plekke waar Hy heers" (vs 22).

Aan die einde, vervul van lof selfs tot in die wydste kring, keer die digter terug na waar hy begin het: "En jy, my siel, loof jy Hom bowenal."

Sing: Psalm 103:1, 2, 11

Dr. F van der Walt (Emeritus)